

VAN STAMVERWANTE BODEM

Van die hand van prof. dr. M. A. Nauwelaerts het, as deel 46 van die *Fibula-reeks* (Fibula-Van Dishoeck, Bussum, 1969, pp. 120) *Erasmus* verskyn. Die skrywer kom, aan die slot van sy werk, tot die gevolgtrekking dat Erasmus aan die wêreld van sy tyd 'n nuwe en verruimde insig gegee het en dat hierdie gees *van begrip, tolerantie en vredelievendheid, geest van een gulden christelike middenweg, van een gerichtheid op schoonheid, zuiverheid, eenvoud, waarheid* tans meer as ooit lewe (p. III). Prof. dr. W. Jappe Alberts belig in nr. 48 van dieselfde reeks die sg. *Moderne Devosie* (Devotia Moderna) in *Moderne Devotie* waarvan Erasmus 'n sterk invloed ondergaan het. In *Nederlandse Post* (Kaapstad, Mei 1969) is deur prof. dr. M. Bokhorst die hoofartikel *Desiderius Erasmus* geskrywe.

Waar Rotterdam in die middelpunt van die Erasmus-herdenking gestaan het, het Amsterdam hulde betuig aan die wêreldberoemde skilder Rembrandt. Hiervan getuig die voortreflike katalogus *Rembrandt 1669/1969*, uitgegee deur die *Rijksmuseum* (pp. 268), en die tentoonstelling gewy aan die sterfdag van die skilder (4.10.1969) waarop 'n groot aantal van Rembrandt se skilderye, tekeninge en etse in die *Rijksmuseum* uitgestal was. Dr. P. J. J. van Thiel het die bydrae *Nederland en Rembrandt 1669-1969* (met vertaling in Engels) saamgestel, terwyl die inleiding van die hand van dr. A. F. E. van Schendel, hoofdirekteur van die *Rijksmuseum*, is. Die grootste deel van die inhoud van die katalogus met sy voortreflike afbeeldings ('n groot aantal in kleurdruk) is aan beredeneerde beskrywings van die uitgestalde kunswerke (tekste in Ned. en E.) gewy.

In *Ons Amsterdam* (jg. 21, nr. 9, Sept. 1969) verskyn F. J. Dubiez se bydrae *Met Rembrandt langs de Amstel en door Amsterdam* (pp. 258-267) en dr. J. Z. Baruch se artikel *Meester Rembrandt en zijn bureu* (pp. 270-272).

Ter geleentheid van die herdenking in Mei j.l. van die bevryding van Nederland 25 jaar gelede, het 'n groot aantal werke oor die oorlogsjare (1940-1945) verskyn.

O.i. is die belangrikste hiervan die derde deel van dr. L. de Jong se reeks *Het Koninkrijk der Nederlanden in de Tweede Wereldoorlog*, 'n uitgawe van die *Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie*, Amsterdam. Hierdie lywige boekdeel, 488 bladsye met kaarte en afbeeldings, is ongetwyfeld die volledigste en betroubaarste oorsig van Nederlandse kant. Daarin is die oorlogsgebeure van 10-15 Mei 1940 tot in die fynste besonderhede beskrywe.

Op grond van feite, wat in hierdie en in die voorafgaande dele vermeld word, kom die skrywer o.m. tot die onderstaande gevolgtrekkings. Nederland was swak en het in sy stryd feitlik alleen teenoor die allersterkste strydmag van die toenmalige Europa gestaan. Nederland het die stryd in die Meidag van 1940 reeds tydens die besuinigingsperiode van die twintiger en dertiger jare verloor. Kwantitatief was dié deel van die *Wehrmacht* wat teen Nederland opgetree het nie beter as die verdedigers nie, kwalitatief was daar 'n geweldige verskil (p. 470). Die Nederlandse strydkragte het ongeveer 2,200 gesneuweldes en 2,700 ernstig gewondes te betreure gehad, terwyl 2,159 siviele persone tydens die oorlogshandeling die lewe gelaat het. Die Nederlandse militêre verliesyfer was aanmerklik hoër as die Belgiese, terwyl die Duitse *Wehrmacht* tussen 10 Mei en 1 Junie 1940 ruim 10,000 aan gesneuweldes verloor en 8,500 vermistes getel het. Van die vliegtuie wat die Duitsers in die aanval teen Nederland gebruik het, het 1/3 verlore gegaan met puik luglandingstroepen en instruktore. Hierdie verliese het, aldus die skrywer op p. 462, 'n paar jaar lank belemmerend deurgewerk. Dié Duitse verliese aan vliegtuie en bybehorende personeel het die uitslag van die latere lugslag om Engeland ook beïnvloed.

Nog 'n publikasie is *10 Mei 1940/5 Mei 1945. Een Natie onder de Nazis* van Leonard Huizinga en Alfred Mazure (AD. M. C. Stok, Forum Boekery, Den Haag, 1970, pp. 136, met tekeninge e.d.m.), eersgenoemde as skrywer, en laasgenoemde as tekenaar. In woord en beeld gee dit 'n terugblik oor die oorlogsjare en die besetting, en kom tot die gevolgtrekking dat die aktiewe verzet tydens die besettingsjare by 'n minderheid berus het. Die meerderheid van die Nederlandse volk was, volgens hulle, vaderlandsliewend, die aantal verraaiers gering. Besonder belangrik is die herdruk van 'n oorspronklik ondergrondse publikasie wat, onder die titel *Wat strakes? Handje Palk antwoordt Seyss Inquart op zijn rede van 3 Januari 1945*, in hierdie publikasie opgeneem is.

'n Studie waarvan 'n onderdeel, t.w. die oor die konsentrasiekamp te Vught, sy ontstaan te danke gehad het aan 'n taak wat aan 'n aantal hoërskoolleerlinge gegee is, was die begin van die publikasie *Concentratiekampen. Systeem en de praktijk in Nederland*, wat deur drs. C. J. F. Stuldreher, drs. H. A. V. M. van Stekenburg, W. F. G. Meurs en R. S. Meyer saamgestel is en as no. 18 in die Fibulareeks (Bussum, 1970) verskyn het. Die titel van hierdie deeglik verantwoorde publikasie is enigszins misleidend omrede iets meer as die helfte van die 135 bladsye aan die opkoms, organisasie en groei van hierdie kampe in Duitland gewy is. Hierdie gedeelte is o.i. die belangrikste. Die volgende Nederlandse kampe word bespreek: Vught, Schoorl, Amersfoort, Ommen en Westerbork. 'n Vierkant Duitse dokumente is besonder insiggewend. Die eerste Duitse konsentrasiekamp dateer van Maart 1933 (Dachau) waar in Junie van dieselfde jaar Theodor Eicke as „Lagerkommandant” benoem is. Van die ruim 103,000 Jode wat uit Nederland na Duitse en Poolse konsentrasiekampe oorgebring is, het minder as 3,000 teruggekeer. Drie bladsye literatuurverwysings (128-130) sluit hierdie publikasie af, waarvan die geraadpleegde dokumente in die *Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie* berus.

Graag vestig ons die aandag op no. 255 van die amptelike Belgiese reeks *Teksten en Documenten*, uitgegee deur die Departemente van Buitelandse Sake en Buitelandse Handel, Brussel. Die grootste deel van die inhoud van hierdie aflewering is gewy aan Belgiese argeologiese werksaamhede in Sirië waar Belgiese deskundiges reeds voor die oorlog met opgrawingswerksaamhede te Apamea, aan die Orontesrivier, begin het. In 64 bladsye word, deur Janine en Jean Balty en M. Dewez, in woord en beeld, die belangrike resultate van hierdie jarelange werksaamhede beskryf en toegelig. Die ruïneveld van Apamea beslaan ongeveer 250 ha en o.m. is belangrike voorbeelde van mosaïekwerk teruggevind wat tans gedeeltelik in Brussel (Koninklijke Musea voor Kunst en Geschiedenis) bewonder kan word. Die oudste vondste dateer uit die pre-historiese tydperk; 'n sterk aardskok het die stad in 1157 verwoes. Grieke, Romeine en Bisantyne was onder hulle wat hierdie belangrike stad en vesting in besit gehad het.

Wie meer omtrent die oorlogstydse verzet in Nederland wil lees, vind in *Ons Amsterdam* (April 1970), onderskeidelik van die hand van J. A. Goen en F. Boode die bydraes *Illegale aktiviteite in de Koepelkerk* en *Amsterdam bezet en bevrijd*.

Onder die aanwinsten van die Amsterdamse Rijksmuseum wat in die *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 16, afl. 4, p. 185) die aandag trek, is die afbeelding van 'n wandtapyt met vissende Tapuya-Rooihuide wat tussen 1687 en 1723 in Parys vervaardig is op grond van voorstudies wat deur Albert Eckhout en Frans Post tydens die bewind van Johan Maurits van Nassau-Siegen in Brasilië deur hierdie twee kunstenaars vervaardig is. Die werk van Eckhout en Post is deur eersgenoemde aan koning Lodewyk XIV geskenk en na aanleiding hiervan is 'n aantal wandtapyte deur die Manufacture des Gobelins (Parys) vervaardig.

Dr. J. Ploeger.